

GEALVANISEERDE STAALPALE

PALE EN HEININGS: OPSIES EN VOORBEELDE

Beveiliging van plaaseiendom en die plaaswerf is deesdae ongelukkig 'n onderwerp wat nie geïgnoreer kan word nie. Daar is soveel opsies om van te kies en verder is daar soveel raadgevers, dat dit moeilik is om te weet wat presies om te doen. Aangesien elke boer se omstandighede anders is, is daar ook nie een antwoord wat vir elke boer pas nie.

Kostes

Hoe maak mens die regte besluit en hoe hou mens jou kostes laag? Deur self betrokke te wees, navorsing te doen en self jou plan uit te werk gaan jy altyd 'n beter oplossing vind. Daarby moet die boer probeer om soveel as moontlik van die installasiewerk self te doen. Gebruik jou werkers om pale te plant, drade te span en elektriese kabel hegstukke self aan die paal te heg. Gebruik dus die arbeid waarvoor jy reeds beskik. Moenie die hele projek uitkontrakteer aan 'n enkel verskaffer nie. Koop self jou pale, draad, sement, hegstukke, ensovoorts by betroubare verskaffers. Dit sny die kontrakteur se marge uit. Gebruik kontrakteurs slegs op die gedeeltes waarvoor jy nie kans nie. Byvoorbeeld die elektriese gedeeltes.

Esteties

Nog iets wat in die pad staan van beveiliging is hoe dit lyk. Die ooptes en die vryheid op 'n plaas is iets wat mens nie wil prysgee nie. Tog wil mens ook rustig slaap. Die antwoord is dus om 'n balans te vind tussen veiligheid en 'n mooi plaaswerf. Balans beteken ook om veiligheid op die mees koste effektiewe manier te vermag.

Balans kan dus beteken dat die werf 'n ander tipe heining het as die pakstoor. Dit kan ook beteken dat die voorkant van die werf swart pale het met elektriese heining het en die agterkant gealvaniseerde pale met lemmetjiesdraad as versperring.

Veiligheid

Daar is verseker geen oplossing wat 100% gemoedsrus kan koop nie. As 'n misdadiger wil inkom sal hy 'n manier vind. Wat jy wil koop is tyd. Jy het 'n waarskuwing en genoeg tyd nodig om te reageer om jou gesin te beveilig deur jou wapen te kry, die plaaswag in te roep op die radio, die honde uit te laat, ens totdat die plaaswag opdaag.

Opsies

Hier volg 'n paar opsies wat fokus op die fisiese versperring en wat in kombinasie met ander middels soos alarms, kameras, spreiligte en "beams" gebruik kan word.

Staal pale en stutte van verskillende lengtes en diktes

Jou basis moet reg en sterk wees. Dit help nie jou pale is te dun en kan maklik omgedruk of omgery kan word nie. Gegalvaniseerde staal pale gaan jou 'n leeftyd hou en is 'n goeie belegging.

Dit word 600mm diep met sement geplant.

Dit is maklik om die pale te plant. Jy hoef nie 'n spesialis te wees om hierdie pale te plant nie.

Stuur 'n skets van die terrein en Van Schoor kan presies uitwerk watter hoeveelheid van watter diktes jy benodig.

Hierdie pale is die basis van jou draad of "razor mesh" versperring. Hierdie pale is ook die basis van jou elektriese drade indien jy dit wil gebruik.



Swart pale met swart weld mesh draad

Hierdie gegalvaniseerde pale is swart geverf. Dit skep 'n modern en netjiese voorkoms. Moenie ongegalvaniseerde pale koop wat net geverf is nie. Dit gaan nie hou nie

Spaar kostes deur die pale self te verf 'n paar jaar nadat dit geplant is.

Let op die oorhang is reguit en nie skuins nie.



Hegstukke vir Elektriese draad


Plastiek hegstukke vir elektriese draad word met “self drilling” skroewe aan die pale geheg.

Die taak om hierdie hegstukke op die paal aan te bring is maklik, maar tydrowend en is daarom duur.

Dit is ‘n klassieke voorbeeld van hoe ‘n boer kan spaar deur eerder sy eie werkers in te span.

Jy kan ook self besluit hoe vêr jy die elektriese drade van mekaar wil hê.

Jy kan ook self jou navorsing doen en hegstukke teen die beste pryse koop.



Draad binne en elektries buite

Die fisiese plus elektriese versperrings in kombinasie gee vir jou uitstekende beveiliging.

Dit gaan moeilik wees om draad te knip as jy jou arm deur die elektriese drade moet steek.

Met elektriese drade aan die buitekant kan die honde ook die binnekant patroleer.

Eerste prys is dat die misdadiger nie kans sien vir die risiko nie.

Tweede prys is dat hy in sy poging om deur te kom die alarm aktiveer voordat hy nog by die binnedraad kom.



Heining met oorhang en met plastiek bedekte diamand draad

Kyk hoe die groen van die plastiek die draad verbloem en mens eintlik dwarsdeur dit kyk.

Plastiekbedekking is duurder maar maak 'n groot verskil in hoe dit lyk.

Groen en swart plastiek bedekking is beskikbaar



Oorhange (die gedeelte bokant die draad)

Reguit of regop oorhang op die foto regs. Dit gee 450mm addisionele paal lengte om elektriese, lementjiesdraad of doringdraad te installeer

Die reguit oorhange is meer modern

Die skuins oorhange is baie effektief

Insetstel: skuins oorhang



Toegange en hekke

Goed geplaasde toegangshekke met die regte beveiliging is 'n belangrike aspek.

Sit tyd in die beplanning van jou deurgange sodat dit pas by jou behoeftes.

'n Kombinasie van sluitbare veiligheidshেকে en skuifhekke kan gebruik word.



Konsertina draad

Nie die mooiste eendjie nie...

Maar baie effektief teen lae koste.

Dit verminder die risiko dat mense onderdeur grawe.

Span dit in areas waar dit nie die estetika beïnvloed nie. Byvoorbeeld die pakstoor of werkswinkel se agterplaas.

